

Woensdag 10 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 20:19-31

Fokusgedeelte: Johannes 20:28; HK Sondag 21, Vraag 54 (vgl. Belydenis van Nicea)

Die apostolisiteit van die kerk

Die apostolisiteit as kenmerk van die kerk word uitdruklik in die Belydenis van Nicea genoem, maar nie in die Apostoliese Geloofsbelydenis nie en derhalwe ook nie in die Kategismus nie.

Dit kom tog indirek wel ter sprake in die Kategismus, omdat die belydenis wat behandel word van die vroegste tye af in die kerk die *Apostoliese* Geloofsbelydenis genoem word. Daarmee word nie bedoel dat die belydenis deur die apostels opgestel is nie, maar dat sy oorsprong teruggaan tot die tyd van die apostels en dat die inhoud van die artikels – ook die een oor die kerk – ooreenstem met die leer van die apostels. Daarom kan dan ook bely word dat die kerk ’n apostoliese kerk is.

Met die apostolisiteit van die kerk word dan bedoel dat daar ’n besondere verhouding is tussen die kerk en dit wat die apostels ervaar, gedoen en geleer het (vgl. Matt. 16:18; Ef. 2:20; Op. 21:14). Ons moet immers in gedagte hou dat die apostels ’n unieke plek in die kerk inneem, omdat hulle oor- en ooggetuies was van wat God in en deur Christus gedoen het. Hulle was getuies nie net van alles wat Christus oor ’n tydperk van drie jaar gedoen en geleer het nie, maar in die besonder van die groot en ingrypende gebeurtenisse soos die lyding en sterwe van Christus aan die kruis, sy opstanding uit die dood en sy verskynings daarna, sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees. Die apostels het verder nie net van Christus die magtiging ontvang om sy verteenwoordigers en getuies te wees nie (Matt. 28:18), maar Hy het ook belowe dat Hy hulle deur sy Heilige Gees in staat sou stel om dit goed en reg te kan doen (Joh. 15:26; Hand. 1:8).

In dié verband is dit van besondere belang om daarop te let dat Christus doelbewus gesorg het dat daar eenstemmigheid in die leer van die apostels was. Dit sien ons veral in sy optrede teenoor Tomas wat nie wou glo dat Hy uit die dood opgestaan het nie. As Tomas nie van sy ongeloof verlos is nie, sou die prediking van die apostels ’n innerlike teenstrydigheid vertoon het: dié wat sê dat Jesus uit die dood opgestaan het en dié wat soos Tomas dit ontken het. Een ding sou immers dan vasgestaan het: van die 12 apostels as grondleggers van die kerk sou daar geen eenstemmige getuienis oor Christus se opstanding uit die dood uitgegaan het nie. Dan sou Christene altyd daaroor in twyfel kon verkeer. Daarom moes Tomas gebring word tot die belydenis: *“My Here en my God!”* Daardeur is die apostolisiteit van die kerk verseker. Nou kan ook ons met sekerheid glo dat Christus die dood oorwin het.